2 Oktober 2022

PE HOOGLAND

Geloof deur liefde tot dade

1972 - 2022

041 367 1485 | info@pehoogland.co.za | www.pehoogland.co.za

Program vir die dag

09:00 Oggenddiens : Ds Marli Fairbrother
GEEN **Lofkabouters** tydens die skoolvakansie
GEEN Geloofsvormingsgroepe

Deurkollekte : Noodspens

ALLE Matrieks

ONTHOU Skoolverlatersdiens

Sondag, 16 Oktober om 09:00 - bring gerus jou NIE - Hoogland vriende saam sodat daar vir julle almal gebid kan word vir die eksamen!

LET WEL : Die gemeente program hervat weer na die skoolvakansie.

PLAAT 11:

Hoogland Feesdiens

Ter viering van Hoogland se
50ste Jubeljaar

OKTOBER

SONDAG 9 om 09:00

2022

Kom geniet 'n lekker koppie tee en iets te ete direk na die diens in die Saal .

STORIELYN IN DIE VOORPORTAAL:

Tydperk: 2012 - 2022 Kleurplaat: Goud

PLAAT 11:

Die Goue Verhouding, die Fibonacci Sekwensie en 'n Goue Spiraal:

Die irrassionele getal Pi, (3.14159…) is aan die meeste van ons bekend as die verhouding van enige sirkel se omtrek teenoor dieselfde sirkel se deursnee. Die irrassionele getal Phi, met 'n waarde van ≈ 1.618, is ook bekend as die Goue Verhouding, die Goue Snit, die Ideale Proporsie, die Goue Spiraal of die Goue Gemiddelde. Dit is terme wat in die Meetkunde, die Wetenskap en in verskillende vorme van Kuns en Ontwerp geken en toegepas word. Die konsep daarvan bestaan al sedert die antieke Grieks-Romeinse tyd toe Euklides, Circa 300 v.C, sy verhandeling getiteld: "Elemente", geskryf het. Dit staan ook in noue verband met die Fibonacci Sekwensie: 'n getalreeks, wat in die Twaalfhonderds deur die middeleeuse Italiaanse wiskundige, Leonardo Bonacci van Pisa, bekendgestel is.

Die Bonacci sekwensie is saamgestel deur by 1 op die getallelyn te begin. Vervolgens word die nulwaarde bygetel en 'n vergelyking geskryf. 1 + 0 = 1 Om die volgende getal in die reeks te vind, word die laaste getal voor die = teken, by die antwoord getel. Dus: 0 + 1 = 1. Die volgende getal in die sekwensie is: 1 + 1 = 2, dan, 1 + 2 = 3, dan, 2 + 3 = 5, dan 3 + 5 = 8

Die Fibonacci sekwensie lyk dus so:

1; 1; 2; 3; 5; 8; 13; 21; 34; 55; 89; 144; 233; 377; 610… Die sekwensie is oneindig…

Hoe verder die sekwensie uitgewerk word, hoe nader is die verhouding van elke laaste twee getalle, aan die Goue Verhouding, Phi. Indien die sekwensie as vierkante kloksgewys of anti-kloksgewys op papier uitgeteken word, en die teenoorstaande hoeke word met kurwes verbind, vorm 'n logaritmiese spiraal.



Hierdie spiraal is binne-in ons leefwêreld nie net in ontwerpe, geboue, kuns, wiskunde of wetenskap nie – meer nog – dit is alomteenwoordig in God se skepping, in sy skepsels… die mens se oor, in die rangskiking van takke en blare en blomme en skulpe. Ons sien dit in 'n sonneblom se kern, in 'n maalkolk van water, in die wolkformasies van orkane en siklone, in die sonnestelsels. Skepper God. God hier naby.

Die horisontale brandglasvensters in die Dankseggingskapél op Thanksgiving Square in Dallas, Texas, beeld hierdie spiraal meesterlik uit. As mens binne-in die kapel staan en kop agteroor opkyk, sien mens dié besonderse Fibonacci spiraal. Die uitstalplaat met kleurfoto's, wil iets daarvan verbeeld. Dit vra die waarnemer om Hoogland se spiraalstorie in die foto's, agter die foto's en deur die foto's raak te sien. Mag jy, as waarnemer, God herken, ook in die goue spiraal van jou lewe – in jou verhouding tot Hom. Ons ontstaan, ons groei, ons lewe en ons sterwe is verborge en geborge binne hierdie verhouding. Oneindig.

"Uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in alle ewigheid. Amen. - Rom. 11:36 –

Hy kom verbind Homself aan ons. Hy kom maak dit wat gebroke is, weer heel. Hy herstel die verhouding deur Jesus Christus, Hy bewerk geloof in ons deur die werking van die Heilige Gees by ons. Hy voorsien in elke behoefte mildelik - soos 'n rivier in vloed na 'n lang, uitgerekte droogte. En dan neem die rivier sy loop – na plekke waar daar nie voorheen water was nie. Mag jy bewus raak van Hom in die wêreld rondom jou, wéét dat Hy hiér is en reeds daar is, waar Hy, in die wêreld, in jou en deur jou wil werk.

- Geloof, deur liefde tot dade -